

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 106**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***KOM BINNE***

## **Kersfees**

In ons land is daar weinig mense, indien enige, wat nie weet waarna Kersfees verwys nie. Dit is die fees waarby ons die geboorte van Jesus Christus herdenk. Ons Kersfeesvieringe hou egter baie dinge in wat met Jesus en sy geboorte geen verband meer het nie. Dit het in der waarheid al moeilik geword om die fees, soos dit tans gevier word, nog te vereenselwig met die geboorte van die Verlosser van die wêreld . . . Ek wil u egter nie met al die dinge vermoei nie. Ek wil praat oor Jesus Christus self.

Ek praat met u as 'n volgeling van Jesus. Dit mag miskien die gevolg hê dat u nie verder belangstel in wat ek te sê het nie. Tog wil ek u vra om 'n bietjie met my "binne" te kom. Moenie buite bly staan of van vër af beoordeel nie. Kom binne en laat ons saam die belangrike dinge bekyk. Dit raak u ook.

## **Kom kyk van binne**

Moontlik was u al as toeris in 'n katedraal of 'n kerk met gekleurde ruite. As 'n mens oordag só 'n gebou nader dan sien jy die gekleurde ruite en dit mag jou beïndruk. Jy weet egter nie waarvan jy praat as jy nie eers binne-in die katedraal was nie. Loop maar in en kyk dan na die vensters teen die lig wat van buite skyn. Verbaas bewonder jy die spel van die lig op die kleure en patrone wat skitter en leef.

Só is die Evangelie van Jesus Christus. Jy moet eers binne kom en dan daarna kyk. Dan sien jy dit in ewigheidslig. Jy is verstom en verbaas om dinge te sien en te belewe waaraan jy nooit vroeër gedink het nie. Nuwe wêrelde gaan vir jou oop en jy sien op onverklaarbare wyse die hand van die ewige God voor jou oë in die kleinste gebeure, maar ook in die groot en geweldige dinge. Jy sien letterlik hoe die ewigheidslig skyn deur die kleurlose ruite van die gebou van die mensdom.

## **Volgens hoorsê het ek gehoor, maar nou het my oog gesien**

Dié ervaring ken ek. Dit ken miljoene christene wat deur die eeue heen geleef het en Jesus Christus se geboorte herdenk het. Dit het u ouers en voorouers geken wat as gelowige mense na ons land gekom het. Die mense het nie in skimme geglo nie. Hulle het alleen maar die **ander werklikheid** gesien. Dit is die werklikheid van die Lig wat vanuit die ewigheid in hierdie wêreld skyn.

Dit laat my dink aan Job — dié Job waarvan ons in die Bybel lees. Hy het dit bitter moeilik gehad, omdat hy al sy besittings verloor het en sy huisgesin op een dag uitgewis is, deur 'n ramp. Hyself is ook aangetas deur 'n pynlike en onooglike velsiekte. Volgens die gewoonte van die tyd het hy toe maar op die ashoop gaan sit en homself met 'n potskerf gekrap — siestog, hy het seker baie gejeuk! En toe sien Job die Lig. En dan word die ashoop 'n plek van lig en kleureprag. Hy sê: "Van hoorsê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien."

## **Wat sê die Bybel?**

Moenie by die O.K. Bazaars of Barlows of John Orr se kersversierings met gekleurde liggies en nagemaakte sneeuvlokkies gaan soek na die ware lig nie. Bly maar op die ashoop, soos Job, of op die siekbed of in die tronk of doodgewoon in jou huis en slaan die Bybel oop. Lees Lukas 1 en 2 en 'n wonderwêreld gaan voor jou oop.

U het dit al geles, sê u? En dit maak op u geen indruk nie?

Ek glo dit. Só lees duisende, selfs miljoene mense, die bekende ou verhaal — die

Kersverhaal. Dit is vir u "van hoorsê." Ons kan dit ook anders stel: U sien dit van buite af. U moet inkom. 'n Mens moet die dinge van binne-af sien.

### **Hoe lees jy**

Maar hoe kan 'n mens dié dinge van binne-af sien? Hoe word dit vir jou 'n ervaring?

Daar gebeur met só 'n mens iets geweldigs. Sy oë of sy hart word geopen deur die Heilige Gees. Nou skrik u miskien weer of draai teleurgesteld om.

Wag, moenie só gou loop nie. .. Luister! Gee net een tree. "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Kom na Jesus! Glo in Jesus! En jy sien die Lig uit die hoogte. So bewerk die Heilige Gees die wonder — ook dit besef jy eers as jy binne is dat met jou 'n wonder gebeur het. Jy sien anders.

Kom nou en ons kyk saam na die verhaal van Jesus Christus se geboorte. Ons bekyk dit van binne af.

## **DIE GODSBEWYS**

### **Dit is geskiedenis**

In die Evangelie van Lukas lees ons van koning Herodes en later van keiser Augustus. Lukas plaas dadelik sy verhaal binne die menslike geskiedenis. Die dinge wat hy gaan vertel, het hier op die aarde plaasgevind — die ou klein planeetjie wat soos 'n ertjiepit rondom die son tol — 'n stippeltjie in die oneindige heelal. Hier in ons midde het dit gebeur.

### **Wondere**

Die aarde is klein en nietig en tog baie belangrik. Op die aarde woon mense — afgesien van miljoene ander vorme van lewe wat hier gevind word. Geleerdes se ontdekkings en teorieë bring 'n mens tot verwondering oor die bestaan en voortbestaan van lewe op ons planeet. Waarvandaan? Waarheen? Waartoe? Wie sal ooit kan sê? Ons gis en raai maar. Dit bly egter wonderlik dat die aarde presies só is dat lewe hier moontlik is. Wat sou word van die lewe op aarde, indien die aarde 'n bietjie nader of verder van die son af was? Ons sou verdamp of verys. Só is daar duisend-en-een ander faktore wat presies só moes wees om ons bestaan op aarde moontlik te maak. Dit sou tog vreemd wees indien dit alles toevallig sou wees. En om te dink dat lewe toevallig sou kon ontstaan — dit is net so min moontlik as dat 'n motorkar toevallig in 'n ysternyn sou ontstaan.

Hier staan ons verstand stil. Ons kan alleen maar glo in wondere. Maar nog groter wondere gaan in hierdie wêreld gebeur. Daarvan vertel Lukas in sy verhaal. Die aarde ontvang naamlik 'n Hoë besoek.

### **'n Engel by 'n priester**

In Jerusalem gaan 'n priester die afdeling van die tempel, wat die "heilige" genoem word, binne. Hy gaan die reukwerk bedien — dit is die voorstelling van die gebede van die volk. Terwyl hy daar alleen in die binneruimte van die tempel staan, merk hy iemand anders aan die regterkant van die altaar. Die priester se naam was Sagaria. Hy skrik en deins terug en dan praat die vreemdeling met hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal 'n seuntjie hê en jy moet hom Johannes noem. Jy sal baie bly en verheug wees oor hom en ook baie ander mense sal oor sy geboorte bly wees. Van

moederskoot af sal hy vervul wees met die Heilige Gees. En hy sal baie van jou volk bekeer tot die Here hulle God. En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en krag van die eertydse profeet Elia . . ."

### **God vergeet ons nie**

'n Engel verskyn op die aarde met 'n boodskap uit die hemel. Hy kom met die boodskap van God self na die aarde. Die aarde met sy klein mensies en dingetjies is tog belangrik. Die aarde is deur God geskape en Hy vergeet die aarde nie. Hy vergeet die mense op aarde ook nie. Dit is vandag nog die boodskap van Kersfees. God dink aan my en jou en ons almal.

### **Ek glo dit nie**

Tog vreemd! Die priester van God glo die boodskap van God nie.

Toe sê Sagaria vir die engel: "Waarom sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man en my vrou is op ver gevorderde leeftyd . . ."

Ou Sagaria weet wel iets. Hy weet dat ou mense — veral ou mense wat hulle lewe lank uitgesien het om kinders te hê en dit nie kon hê nie — nie meer kinders kry nie. Ons kan nog daarby voeg: Hoe weet hy dat dié verskyning van die engel werklikheid is? Hoe kan hy dit bewys? Dit mag verbeelding wees.

### **Die Godsbewys**

Nou kan ek gerus aan u die verhaal vertel van die trompetspeler wat die Godsbewys gesoek het. Hy het gesê daar is geen God nie. Sy vrou en veral sy skoonmoeder, het hulle bes gedoen om hom tot geloof in God te bring. Sy skoonmoeder het ook daarvoor gesorg dat allerlei christelike werkers by hom uitkom met die evangeliebodskap. Dan het hy altyd gesê: "Bid tot God dat daardie portret van die muur afval en as dit gebeur sal ek glo." Só is een na die ander weg. Sonder om iets met hom te bereik.

### **God antwoord**

Eindelik tref 'n ramp die trompet-virtuoos. Sy lip breek en sy talent is daarmee heen. Oor die verlies het hy hom verkniis en is moedeloos en verslae. Hy kon nie meer in konsertsale optree nie. Eendag kom daar weer iemand met hom praat oor Christus, die Verlosser van die wêreld. Sy reaksie is weer: "Bid dat daardie portret van die muur afval en, as dit gebeur, sal ek glo." Die ander man se reaksie is: "Speel vir my met jou trompet." Bitter is sy antwoord: "U weet mos dat my lip gebreek het. Ek kan dit nie meer doen nie!" Hierop is die rustige antwoord: "Die portret het reeds afgeval. God het jou gehoor en geantwoord. Wél anders en baie pynliker as wat jy dit wou hê — Hy laat Hom immers nie bespot of uitdaag nie maar Hy het jou antwoord om jou te laat weet dat Hy bestaan." Die trompetspeler het nou geglo in God wat gebede beantwoord.

Hierdie verhaal is waar. Die trompetspeler het my dit self vertel. Sulke ware verhale vind meermale plaas. Ook ou Sagaria kry 'n teken dat die engel die waarheid praat. Hy word stom. Hy kan nie verder 'n woord praat nie. Die engel sê vir hom: "Jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie".

Vandag hoor u ook die boodskap uit die hemel. Dit is nou wel nie 'n engel wat dit aan u bring nie, maar 'n mens en ek moet sê: 'n Sondige mens daarby. Ek kan aan u geen enkele bewys gee dat ek die waarheid praat nie. Ek kan alleen maar sê: Ek glo dit op die gesag van die Woord van God. En as mense engele nie glo nie, kan ek wel begryp dat hulle my ook nie glo nie. Indien Jesus Christus self deur sy tydgenote verwerp is, is dit nie snaaks dat ons getuienis soveel eeue later ook nie geglo word nie.

## **Ek kan nie glo nie**

Ek wil egter nie sommer wegstap van Sagaria en die trompetspeler af nie. U is moontlik nie 'n persoon wat God uitdaag, soos die trompetspeler nie. U gebruik miskien sy Naam as 'n vloekwoord sonder om daarvoor na te dink dat u daarmee besig is om Hom gedurig uit te daag. Of u negeer Hom miskien. Hy stuur sy boodskap na u — nie deur engele nie — maar deur eenvoudige mense, en u ignoreer dit eenvoudig. Daar is duisend-en-een maniere waarop 'n mens God kan uitdaag. Moontlik is u maar soos Sagaria: "Ek kan nie glo nie, omdat ek die waarheid nie kan bewys nie . . ."

## **Die vinger van God**

Ek wil u vra of u al ag geslaan het op die sin van u lewe. Dink na oor die dinge wat u oorkom. Veral die teleurstelling en rampe van die lewe is geneig om vrae by 'n mens te laat opkom. Sagaria het stom geword. Die trompetspeler se lip het gebreek. En u? Kyk maar goed na u lewe en vra uself af of die "noodlot" u tref en of dit dalk die vinger van God is.

## **Glo die Bybel**

Ten slotte moet ons tog maar onthou: Al sou 'n engel verskyn of al sou iemand uit die dood opstaan — om ons te vertel hoe dit anderkant die doodslyn lyk — ons sal nie glo nie, indien ons die Bybel nie glo nie. Dit sê Jesus Christus self. Jy moet eers binnekom. Jy moet binne die sfeer van die Bybel leef en dink — dan sien jy meer as liggende engele. Jy sien die hand van God in jou lewe. En jy ken Hom as 'n genadige Vader wat jou onbegryplik liefhet.

Kom na binne!

# ***Geboorte van Johannes aangekondig***

- 5 Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van Sagaría, uit die afdeling van Abía; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet.
- 6 En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van die Here onberispelik gewandel.
- 7 En hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was en albei op ver gevorderde leeftyd.
- 8 En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling,
- 9 het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand.
- 10 En die hele menigte van die volk was buite, besig om te bid op die uur van die reukoffer.
- 11 Toe verskyn daar aan hom 'n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan.
- 12 En toe Sagaría hom sien, was hy ontsteld, en vrees het hom oorval.
- 13 Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem.
- 14 En hy sal blydschap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees;
- 15 want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.
- 16 En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God.

- 17 En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.
- 18 Toe sê Sagaría vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd.
- 19 En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is Gabriël wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring.
- 20 En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie.
- 21 En die volk het op Sagaría bly wag en was verwonderd dat hy so lank in die tempel vertoef.
- 22 Maar toe hy uitkom, kon hy met hulle nie praat nie; hulle bemerk toe dat hy 'n gesig in die tempel gesien het. En hy het aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly.
- 23 En toe die dae van sy diens vervul was, het hy huis toe gegaan.
- 24 En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg en gesê:
- 25 So het die Here met my gedoen in die dae toe Hy my aangesien het om my smaad onder die mense weg te neem.

(Lukas 1)

## Die Engel Gabriël by Maria

### Kersgroete

Ons volg die geskiedskrywer Lukas se Kersverhaal verder. Sedert die engel Gabriël sy boodskap aan die ou priester Sagaría gebring het, het ses maande verloop. Toe word die engel weer deur God gestuur na die dorpie Násaret in Galilea. Hierdie keer besoek hy 'n jong meisie. Sy was verloof aan 'n sekere Josef. Die meisie se naam was Maria.

Soos die gewoonte was groet die engel haar toe hy binnekom. "Wees gegroet begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue."

Noem dit nou maar Kersgroete uit die hemel. Dit hou in elk geval veel meer in as ons "Geseënde Kersfees!" of "Happy Christmas!" Hierdie hemelse groet is nie bloot 'n wens of 'n gebed nie, maar die handreiking van God self. Hy raak Maria aan en betrek haar binne sy verlossingsplan.

### Maria geen bo-menslike wese nie

Mense is geneig om hierdie doodgewone meisie te idealiseer of selfs te vergoddelik. Hierdie soort praktyke doen baie skade aan die christelike godsdiens. Sy was maar 'n meisie soos alle jong meisies, wat ook gedroom het van haar verwagte huwelik met Josef en alles wat dit inhou. Sy was ook nie 'n volmaakte of sondelose mens nie. Netsoos elke ander mens moes ook sy verlos word om 'n kind van die Here te kon wees.

### Die Koning se geboorte

Maria is waarskynlik 'n soort mens wat nie baie gepraat het nie en in stilte oor dinge nagedink het. Sy skrik vir die verskyning van die engel, maar is meer in die war oor wat hy gesê het. Sy het daarvoor nagedink wat die groet tog kon beteken. Die engel sien haar vrees en verwarring en gaan voort om sy boodskap af te lewer:

"Jy sal swanger word en aan 'n Seun geboorte gee, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word . . . en Hy sal Koning wees . . . en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. . . "

### **Ek het geen man nie**

Eindelik praat Maria: "Hoe kan dit gebeur aangesien ek geen man het nie." Dit is vanselfsprekend — geen vrou het nog ooit 'n kind gekry sonder dat 'n man daarby betrokke was nie.

Daarop kom die antwoord vanuit die hemel: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Heilige wat gebore word, Seun **van God** genoem word."

### **God doen die onmoontlike**

"Verklaar dit 'n bietjie vir my!" hoor ek 'n koor van stemme.

My eerlike antwoord is: "Ek kan nie!" Maar ek kan dit daarby voeg, soos die engel dit aan Maria verduidelik: "Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie." Daar het u die geheim van die krag van die gelowige mens. Die christen glo in 'n God by wie geen ding onmoontlik is nie. Terwille van dié geloof het duisende christene gewilliglik as martelare gesterf. Dit gebeur vandag nog agter die ystergordyn en die bamboesgordyn in die kommunistiese lande. Hulle glo in 'n God wat almagtig is. Hy het meer as hierdie wonder gedoen. Hierdie selfde Seun van God, wat uit Maria gebore sou word, het ook uit die dood opgestaan en Hy lewe tot in alle ewigheid. Daarom is ons dood 'n deurgang tot die ewige lewe. Dit is maar 'n begin van die ware lewe.

### **Maria glo**

Eindelik antwoord die eenvoudige jong meisie: "Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u Woord." Maria het geglo dat by God geen ding onmoontlik is nie. En sy stel haarself tot beskikking van die Almagtige. Dit is wat glo beteken. 'n Mens stel jouself tot beskikking van God. Jy neem Hom op sy Woord en sê eenvoudig: "Hier is ek — u dienskneg of diensmaagd.

En dan vind die wonder plaas in Maria se liggaam. In haar groei 'n kind sonder die toedoen van 'n man. Iemand stel dit so: Maria ontvang deur die oor. Sy hoor en sy glo en daardeur ontvang sy in haar skoot. .. Verder swyg ek. Hier pas dit my om die Almagtige te aanbid, omdat Hy die wonder gedoen het om sondaars te red.

### **Waarom God en mens in een Persoon?**

Die Heilige Seun van God moes dit wees omdat Hy onder die ewige toorn van God gebuk sou gaan — die toorn wat op my en jou en elke mens rus. Hy moes goddelike krag besit om dit vir ons te dra.

Maar Hy is gebore uit 'n mens — die jong meisie Maria — omdat die ewige toorn van God gerig is teen die mens wat gesondig het. Daarom moes 'n mens dit betaal. So is voldoen aan reg en geregtigheid — die reg van God. Só is ook voldoen aan God se onbegryplike liefde vir 'n verlore mensheid — "Want só lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Dit verklaar Jesus, die Seun van God, later self.

Glo in Hom en jy sal gered word.

## *Die geboorte van Jesus aangekondig*

- 26 En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,
- 27 na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.
- 28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begunadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue.
- 29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daarvoor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.
- 30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.
- 31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
- 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
- 33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
- 34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?
- 35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.
- 36 En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.
- 37 Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.
- 38 En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.

(Lukas 1)



# CHRISTUS IS GEBORE

## God skrywe die geskiedenis

Lukas is 'n uitnemende geskiedskrywer. Hy plaas sy verhaal teen die agtergrond van die wêreldgebeure. Hy vertel nou van keiser Augustus en Cirénius, goewerneur van Sirië. Die Romeine het immers in dié dae oor Palestina geheers.

Maar dan vertel hy ook hoe dieselfde magtige Augustus en Cirénius ingespan word deur God om sy wil uit te voer. Eeue vantevore het God naamlik alreeds aangekondig dat die Christus in Bethlehem gebore sou word. Maria woon egter in Nasaret — bo in Galilea. Sy verwag 'n Kind — en die Kind is die Christus wat gebore sou word. Haar tyd kom nader.

## Maria moet na Bethlehem

Dan besluit Augustus om 'n sensus-opname te maak van al die inwoners van sy ryk. Hy het waarskynlik in gedagte om op dié wyse die insameling van belastinge beter te kontroleer. Omdat Cirénius of moontlik Herodes in Jerusalem die Jode ken, weet hulle dat dié nasie baie gesteld is op hulle afstamming. Die bevel in Palestina is dan dat elke inwoner moet gaan na die plek waar sy voorvaders gewoon het. Josef, wat intussen met Maria getroud is, neem haar dan en gaan met die verwagte jong vrou na Bethlehem. Só sorg God dat sy in Bethlehem kom en presies op tyd vir die geboorte van die Seun van God.

## Toeval of nie

Is dit toeval dat die dinge so presies saamgehoop het? Mense mag só dink. Lukas het egter nie so gedink nie. Hy vertel dit om tuis te bring, hoe God mense gebruik om sy wil ten uitvoer te bring. Sonder dat hy dit weet het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig om 'n sensusopname te maak. Die bevel is deurgegee na sy onderhoriges en so kring dit uit tot by Nasaret... Dit laat Josef en Maria die lang en moeisame reis aanpak.

## Geloftedag

Dié mens wat die Woord van God van binne ken, sien hoe hierdie soort dinge gedurig plaasvind. Aan dié geloof het ons Geloftedag te danke. By Bloedrivier het God omstandighede beskik omdat Hy 'n gebed gehoor en verhoor het. Ons nasie se bestaan is eintlik van Hom afgebied. By Hom is geen ding onmoontlik nie.

Daarom raak die christen nie paniekerig nie — al ken hy ook vrees en onrus. Hy weet God regeer. Geen diktator of tiran kan 'n vinger verroer sonder sy wil nie.

## 'n Kindjie gebore

Lukas vertel verder. By Bethlehem aangekom, was daar geen plek in die herberg nie. Blykbaar moes hy en sy verwagte vrou hulle tuismaak in 'n stal.

En daar is die Kindjie gebore en in doeke toegedraai en in die krip neergelê. Dit is al wat hy van die geboorte vertel.

## Vernedering

Rondom hierdie geboorte is deur die eeue heen baie idilliese en sentimentele verhale geweef. Vir ons is die groot saak egter dat die Verlosser van die mensdom gebore is. Vir Homself was dit 'n groot vernedering om onder ons sondige mense te kom woon. Hy het ook nie teen sy sin gekom nie. Hy is wel gebore soos enige ander kindjie en tog was dit nie vir Hom 'n gebeurtenis waaraan Hy niks kon doen nie. Sy geboorte is 'n vrywillige koms na die wêreld.

Weer staan 'n mens voor geheimenisse wat ons nie kan verklaar nie. 'n Mens moet maar net

altd onthou dat jy jouself nie eens kan verklaar nie — hoe sou jy God nog kan verklaar? Dit pas ons veel eerder om maar in te val met die engelesang wat daarna losbreek.

### **Eer aan God — Vrede op aarde.**

Dit vertel Lukas verder. Daar was skaapwagters wat in die oop veld in die nag by hulle skape wag gehou het. Dan verskyn daar 'n engel aan hulle met die boodskap: "Moenie bang wees nie. Ek bring vir julle 'n blye tyding. Vandag is vir julle gebore die Saligmaker wat Christus, die Here, is. Julle sal Hom vind as 'n Kindjie wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê . . ."

En skielik is daar 'n menigte engele wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde in die mense 'n welbehae . . ."

God ontvang die eer wat Hom toekom. Daarvoor sal die pasgebore Kind sorg.

### **Vrede met God**

Mense ontvang vrede. Dit is vrede met God. Hy is nou weer ons Vader wat in liefde ons hand gryp om dit nooit weer los te laat nie. Want Jesus Christus het gekom om vrede te maak tussen God en mens. En die vrede kan deur niemand van ons afgeneem word nie en ons verloor dit nooit weer nie. Selfs in die allergrootste nood bly dit ons deel. Dit beteken innerlike rus en vreugde wat elders op aarde nie te vinde is nie. Dit hang nie af van lewensomstandighede nie. Selfs die dood kan ons hiervan nie skei nie.

Kersfees is die fees van vrede. Dit beteken egter iets anders as blote verdraagsaamheid of welwillendheid. Dit beteken dat jy vrede met God het.

Ken u hierdie vrede?

**Ds. M. J. Booyens.**

# *Die Geboorte van Jesus Christus*

- 1 En in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word.
- 2 Hierdie eerste inskrywing het plaasgevind toe Cirénius goewerneur van Sírië was.
- 3 En almal het gegaan om ingeskryf te word, elkeen na sy eie stad.
- 4 En Josef het ook opgegaan van Galiléa, uit die stad Násaret, na Judéa, na die stad van Dawid, wat Betlehem genoem word, omdat hy uit die huis en geslag van Dawid was,
- 5 om hom te laat inskrywe saam met Maria, die vrou aan wie hy hom verloof het, wat swanger was.
- 6 En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar;
- 7 en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.
- 8 En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.
- 9 En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.
- 10 En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees,
- 11 dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.
- 12 En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.
- 13 En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërske wat God prys en sê:
- 14 Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!
- 15 En toe die engele van hulle weggegaan het na die hemel, sê die herders vir mekaar: Laat ons dan na Betlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak het.
- 16 En hulle het met haas gegaan en Maria en Josef gevind en die kindjie wat in die krip lê.
- 17 En toe hulle dit gesien het, het hulle oral die woord bekend gemaak wat aan hulle van dié Kindjie vertel is.
- 18 En almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat deur die herders aan hulle vertel is;
- 19 maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink.
- 20 En die herders het teruggegaan en God verheerlik en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het, net soos aan hulle gesê is.

(Lukas 2)